Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 17 AUGUSTUS 2022 OM 15:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdl A K Warnick

Ander raadslede:
Rdh M A Rangasamy (Speaker)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
(afgetrede) Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Begrotingskantoor, me H Papier
Bestuurder: Strategiese Dienste, me O Fransman
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die Uitvoerende Burgemeester open die vergadering en rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan die nuut aangestelde Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Dat **KENNIS GENEEM** word van die verskoning ontvang vanaf die rdh T van Essen en die Direkteur: Finansiële Dienste.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 13 JULIE 2022

BESLUIT
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 13 Julie 2022 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word,

5.1 NOTULE VAN PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 10 AUGUSTUS 2022

5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan die volgende toevoeging –

ITEM 6.2: OORWEGING VAN DIE KONSEP VERKEERKALMERINGSBELEID

BESLUIT VERDER

(b) Dat die Verkeerkalmeringsbeleid goedgekeur word vir implementering met ingang van 17 Augustus 2022;

(c) Dat, aangesien die versoeke tot spoedwalle in die bestaande Areaplanne ontstaan het voor die implementering van die Verkeerkalmeringsbeleid, die beleid nie van toepassing is nie en die versoeke aangespreek word met in ag neming van beskikbare befondsing.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 BESKERMINGDIENSTE

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan die volgende toevoeging –

ITEM 5.1.1: VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENSTE

BESLUIT VERDER

(b) Dat kennis geneem word van die versoek van rdh B J Stanley om ondersoek in te stel om verkeerskantore op ‘n Saterdag vir die publiek oop te stel;

(c) Dat opdrag aan die Munisipale Bestuurder gegee word om die impak van die versoek op die onbefondse mandaat te bepaal om te verseker dat Swartland Munisipaliteit nie ‘n verdere verlies aan inkomste lei nie.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

7. NUWE SAKE

7.1 NERSA GOEDKEURING VAN ELEKTRISITEITSTARIEWE VIR 2022/2023 (16/2/1/2/1)

Die elektrisiteitstariewe vir die 2022/2023 finansiële jaar is op 26 Mei 2022 deur die Raad goedgekeur, onderhewig daaraan dat die tariewe deur NERSA aanvaar word.

’n Skrywe gedateer/…

7.1/…

’n Skrywe gedateer 5 Julie 2022 is vanaf NERSA ontvang ten opsigte van die goedkeuring van die elektrisiteitstariewe en is versoek dat die tariefverhoging met betrekking tot die energiekomponent van die industriële tariefstrukture (tarief 3 en tarief 10) verlaag word na 7.47% in plaas van die 8%-verhoging waarvoor aansoek gedoen is.

Die afgetrede Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste noem dat die Raad reeds bewus is van die rasionaal om die verhoging van industriële elektrisiteitstariewe geleidelik in te faseer om sodoende residensiële tariewe te kan verlaag.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 25 Augustus 2022)
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat kennis geneem word van die goedkeuring ontvang vanaf NERSA vir die 2022/2023 elektrisiteitstariewe en dat lg. aanvaar word;

(b) Dat verder kennis geneem van NERSA se erkenning dat hulle nie oor die statutêre en regulatoriese jurisdiksie beskik om die voorgestelde aktiwiteit tussen die Munisipaliteit en gebruikers van kleinskaalse ingeboude kragopwekkers te reguleer nie;

(c) Dat die volgende verlaagde elektrisiteitstariewe van toepassing op die industriële tariefstrukture, soos vasgestel en goedgekeur deur NERSA, aanvaar word:

No	Tariff Structure	NERSA approved Tariff Excl Vat	NERSA approved increase	Tariff applied for Excl Vat	% Increase applied for
3	Industrial Bulk Normal (3-phase)				
3a	Bulk Consumers: Network Charge per month	R 1 853.4300	7.47%	R 1 853.4300	7.47%
3b	Consumption: per kWh	R 0.8810	7.47%	R 0.8854	8.00%
3c	Maximum Demand: per kVA per month	R 356.5700	7.47%	R 356.5700	7.47%
10	Industrial Bulk 'Time Of Use'-Tariff (3-phase, Alternative for Tariff 3)				
10a	Time Of Use: Network Charge per month	R 1 853.4300	7.47%	R 1 853.4300	7.47%
	Low Consumption Season (Sep - May):				
10b	* Peak (per kWh)	R 1.5277	7.47%	R 1.5352	8.00%
10c	* Standard (per kWh)	R 1.0513	7.47%	R 1.0565	8.00%
10d	* Off peak (per kWh)	R 0.6667	7.47%	R 0.6701	8.00%
	High Consumption Season (Jun - Aug):				
10e	* Peak (per kWh)	R 4.6834	7.47%	R 4.7065	8.00%
10f	* Standard (per kWh)	R 1.4187	7.47%	R 1.4257	8.00%
10g	* Off peak (per kWh)	R 0.7702	7.47%	R 0.7741	8.00%
10h	Maximum Demand: per kVA per month	R 239.1500	7.47%	R 239.1500	7.47%

7.2 BEGROTING AAN DIE ONDERHOUD AAN PROVINSIALE HOOFPAAIE: 2023/2024 FINANSIëLE JAAR

Die onderstaande tabel toon die beraamde uitgawes ten opsigte van die onderhoud aan provinsiale hoofpaaie in die Swartland munisipale gebied:

RAAD	**PAD NO.**	**BESKRYWING**	**AKTIWITEIT**	**VERSOEKE 2022/2023**
Swartland	MR 226	Riebeek Kasteel (Hoof-, Sarel Cilliers- en Piet Retiefstraat)	Gereelde onderhoud	R2 021 942.20
Swartland	MR 215	Darling (Hoofstraat)	Gereelde onderhoud	R994 453.32
Swartland	MR 228	Darling (Evita Bezuidenhout Blvd)	Gereelde onderhoud	R783 933.75
Swartland	MR 174	Malmesbury (Voortrekkerstraat)	Gereelde onderhoud	R602 043.77
				R4 402 373.04

Die behoeftes word op 'n jaarlikse basis aan die Provinsiale Distrikspadingenieur voorgelê vir oorweging tydens die begrotingsproses van die betrokke departement.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die Begroting van Uitgawes aan Provinsiale Hoofpaaie vir die 2023/2024 finansiële jaar soos hierbo uiteengesit, goedkeur.

7.3 PROSESPLAN VIR DIE OPSTEL VAN DIE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) EN RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSPLAN (ROR) (2/1/4/4/1)

Die verslag handel met die wetgewende vereistes wat ingevolge artikels 28 en 29 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) gevolg moet word vir die opstel van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en die gepaardgaande proses na afloop van die verkiesing van 'n nuwe munisipale raad.

Die Munisipale Bestuurder bevestig, soos versoek deur rdl A K Warnick, dat 'Sport' as fokusarea ingesluit sal word vir die voorlegging van die Prosesplan aan die Raad op 25 Augustus 2022.

Die Prosesplan is apart tot die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat die Prosesplan vir die opstel van die nuwe GOP vir Swartland in terme van Artikel 28 van die Wet op Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000) aanbeveel word vir goedkeuring deur die Raad;

(b) Dat die program met tydraamwerke/tydskedule wat as Aanhangsel A by die Prosesplan ingesluit is, in terme van artikel 29(1)(a) van die Wet op Munisipale Stelsels asook artikel 21(1)(b) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur aanbeveel word vir goedkeuring deur die Raad;

(c) Dat die Prosesplan ook die hersiening van die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk rig.

7.4 WYSIGING VAN DIE MUNISIPALE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK (15/1/4/1)

Die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 gedateer 25 Maart 2020) bepaal die prosedures wat gevolg moet word wanneer 'n wysiging aan die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) beoog word.

Item 7.3(c) hierbo bevestig dat die hersiening van die ROR in die GOP-Prosesplan opgeneem is en in September 2022 'n aanvang sal neem.

BESLUIT
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die volgende stappe vir die hersiening van die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) in terme van artikel 3 en 4 van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning goedgekeur word:

(a) die Munisipaliteit 'n kennisgewing plaas in twee koerante wat in omloop is in die munisipale gebied en in twee amptelike tale van die Provinsie wat hoofsaaklik in die gebied gepraat word betreffende die voorneme van die Munisipaliteit om die ROR te wysig en die proses wat gevolg staan te word in terme van artikels 28(3) en 29 van die Munisipale Stelselswet;

(b) die Munisipaliteit die Provinsiale Minister skriftelik in kennis stel van sy voorneme om die ROR te wysig, die proses wat gevolg staan te word in terme van artikels 28(3) en 29 van die Munisipale Stelselswet en dat die gewysigde ROR aan die Provinsiale Minister voorsien word vir kommentaar/insette;

(c) die Munisipaliteit 'n uitnodiging aan tersaaklike belanghebbendes rig om hulself te registreer ten einde op die gewysige ROR kommentaar/insette te lewer as deel van die beoogde proses;

(d) die Munisipaliteit 'n projekkomitee aanwys wat uit die volgende amptenare vanuit die betrokke departemente sal bestaan:

Munisipale Bestuurder	:	J J Scholtz
Kantoor: Strategiese Dienste	:	O Fransman
Ruimtelike Beplanning	:	J S Krieger
	:	A M Zaayman
	:	A J Burger
	:	H Olivier
	:	A de Jager
Ingenieursdienste	:	T Möller
	:	L D Zikmann
Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling	:	H Balie
Behuising	:	S Arendse

7.5 VOORLEGGING VAN KONSEP VERORDENING INSAKE BEHEER OOR ONDERNEMINGS WAT DRANK AAN DIE PUBLIEK VERKOOP (1/1)

Die Raad beskik oor 'n Verordening insake Beheer oor Ondernemings wat Drank aan die Publiek verkoop wat op 22 Mei 2015 afgekondig is.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste noem egter, na aanleiding van die onlangse tragiese gebeure in die land by beide gelisensieerde en ongelisensieerde persele, dit nodig geag word om sekere wysigings aan die bestaande verordening aan te bring om voorsiening te maak vir veiligheids- en sekuriteitmaatreëls op alle persele waar drank aan die publiek verkoop word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat goedkeuring verleen word dat die volgende konsepverordening op 26 Mei 2022 aan die Raad voorgelê word vir aanvaarding in beginsel:
- Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Beheer oor Ondernemings wat Drank aan die Publiek verkoop

(b) Dat, na beginselgoedkeuring deur die Raad, die konsep verordening vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselswet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste.

7.6 WYSIGING AAN DIE PRESTASIEBESTUUR- EN ONTWIKKELINGSBELEID (2/4/2)

Die Prestasiebestuur- en Ontwikkelingsbeleid is op 19 Mei 2022 deur die Uitvoerende Burgemeester aanvaar en noodsaak die aanstelling van die nuwe Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste 'n geringe wysiging daaraan.

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Beleid vir Prestasiebestuur en -Ontwikkeling met ingang van 1 Augustus 2022 gewysig word deur die byvoeging van die onderstreepte gedeelte in Gedeelte 2 Paragraaf 10 (Prestasie bonusse) - hieronder in Engels aangehaal:
"The Municipality however has decided not to pay any performance bonuses, with the exception of the Municipal Manager <u>and Director Electrical Engineering Services</u> who will be eligible for a performance bonus according to the calculation table in ANNEXURE A up to a maximum of 14%."

7.7 MENSLIKE HULPBRONNE: NUWE BELEIDE EN HERSIENING VAN BESTAANDE BELEID (4/2/B)

Die nuwe Munisipale Personeelregulasies noodsaak die samestelling van 'n aantal nuwe beleide, asook die hersiening van bestaande beleide om te voldoen aan die vereistes soos bepaal deur die Regulasies.

Die konsep beleide is aan die Arbeidsforum voorgelê en beide vakbonde – Imatu en Samwu – het geleentheid gehad om daarop kommentaar/insette te lewer. Die finale konsep beleide is op 21 Julie 2022 aan die vakbonde voorgelê en word die beleide aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanbeveel vir oorweging en goedkeuring.

BESLUIT
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte Veranderings-bestuurstrategie vir die implementering van die Munisipale Personeelregulasies goedkeur met ingang van 1 September 2022;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte gewysigde Werwing- en Keuringsbeleid goedkeur met ingang van 1 September 2022;

(c) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte nuwe Proeftydperkbeleid goedkeur met ingang van 1 September 2022;

(d) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte nuwe Retensiebeleid goedkeur met ingang van 1 September 2022;

(e) Dat kennis geneem word dat die delegasies voortspruitend uit die betrokke beleide voorgelê sal word aan die Raad aan die einde van Mei 2023 as deel van die Delegasiestelsel.

7.8 VERSLAG OOR GEMEENSKAP ONTWIKKELINGSPROJEKTE 2021/2022: UITKOMSTE EN IMPAK (17/2/2)

Die Afdeling: Gemeenskapsontwikkeling moet op ’n jaarlikse basis verslag doen insake die uitkomste en impak van gemeenskapsontwikkelingsprojekte ingevolge die Swartland Munisipale Sosiale Ontwikkelingsbeleid en -Strategie.
Die verslag sluit die uitkomste en impak van die projekte in wat gedurende 2021/2022 finansiële jaar aangebied is.

BESLUIT
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die uitkomste en impak van die gemeenskapsontwikkelingsprojekte t.o.v. 2021/2022;

(b) Dat die Gemeenskapsontwikkelingsafdeling teen Augustus jaarliks verslag moet doen oor die uitkomste en impak van gemeenskap-sontwikkelingsprojekte van die vorige finansiële jaar.

7.9 VERSKUIWING VAN VOC SEINKANON, MOORREESBURG (17/13/1)

’n Aansoek is ontvang vanaf mnr Johann Mostert van die VOC Stigting, wat namens die plaaseienaar optree, om een van die twee kanonne wat tans voor die Stadsaal in Moorreesburg geplaas is, te verskuif na sy oorspronlike seinstasie op die Plaas Kanonberg, 12 km Suidoos van Moorreesburg.

Die verslag tot die sakelys bied agtergrond tot gesprekke wat gevoer is met die onderskeie rolspelers, naamlik die Koringbedryf Museum, die VOC Stigting en die South African Heritage Resources Agency (SAHRA) aangaande die verskuiwing vna die seinkanon. Verdere gesprekke het ook plaasgevind met die Canon Association of South Africa (CAOSA) ten einde soveel as moontlik inligting in te samel insake die betrokke kanon. Bevestiging is vanaf CAOSA ontvang dat die seinkanon ter sprake wel die oorspronklike kanon is wat op die Plaas Kanonberg gebruik is.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

(a) Dat toestemming verleen word aan Mnr Johann Mostert van die VOC Stigting vir die verskuiwing van die VOC-kanon voor die Moorreesburg stadsaal na sy oorspronklike posisie op die plaas Kanonberg, Moorreesburg;

(b) Dat publieke kommentaar, van 'n erfenisaard alleenlik, ingewin word by wyse van kennisgewings in die plaaslike media, kennisgewings op perseel, asook via die toepaslike wykskomitees en sosiale media;

(c) Dat enige besware ontvang na hierdie komitee verwys sal word vir oorweging;

(d) Dat die aansoeker ook verantwoordelik sal wees vir die vervanging van die bestaande kanon met 'n soortgelyke artefak.

7.10 AANSOEK OM VESTIGING VAN KREMATORIUM, DARLING (12/2/R)

Staan oor.

7.11 HUUROOREENKOMS: W DUCKITT & SONS CC (15/4/6)

Die Munisipaliteit huur 'n gedeelte (groot ±300 m²) van die plaas, Oude Post, geleë in die omgewing van Darling waarop 'n kabelvrye netwerkstasie opgerig is. Die verlenging van die huurooreenkoms is noodsaaklik vir die voortgesette verskaffing van Inligtings, Kommunikasie en Tegnologie-dienste in die betrokke area.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die hernuwing van die huurooreenkoms met W Duckitt & Seuns vir die huur van 'n gedeelte (groot ±300m²) van restant van gedeelte 8 van die plaas Oude Post 577 vir die voortgesette bedryf van die Munisipaliteit se kabelvrye netwerkstasie soos volg goedgekeur word:

(a) 'n huurooreenkoms vir die tydperk 1 Oktober 2022 tot 30 September 2025 teen betaling van huurgeld van R2 072.37, plus BTW, per maand en wat jaarliks met 8% eskaleer, asook 'n opsie om verder te huur.

7.12 HUUROOREENKOMS: DARLING KLEINBOERE VERENIGING (17/2/2)

Die Raad het vir die periode 1 April 2008 tot 28 Februarie 2018 'n gedeelte grond (±68 hektaar) aan die Darling Kleinboere Vereniging verhuur, maar het weens die nie-nakoming van sekere bepalings in die oorspronklike ooreenkoms nie die huurtermyn hernu nie.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste meld dat daar verskeie interaksies sedertdien met die Darling Kleinboere Vereniging plaasgevind het en dat die vereniging nou in 'n gunstige posisie is om 'n langtermyn ooreenkoms te sluit. Die aangaan van 'n ooreenkoms is ook noodsaaklik om hulp vanaf ander staatsdepartemente te bekom, bv. vir die sink van boorgate en heinings.

BESLUIT
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

(a) Dat 'n gedeelte van erf 551 (grootte ±68 hektaar) te Darling, aan die Darling Kleinboere Vereniging verhuur word, vir `n tydperk van 9 jaar en 11 maande;

(b) Dat huurgeld vasgestel word op R120.00 plus BTW, per maand;

(c) Dat die huurvoorwaardes deur die Direkteur: Korporatiewe Dienste, in oorleg met die Direkteur: Ontwikkelingsdienste bepaal word.

7.13 HUUR VAN MUNISIPALE MEENTGROND TE MALMESBURY (12/2/4-8/4)

Die Raad verhuur aan die Swartland Voortrekkers ‘n gedeelte munisipale meentgrond, groot ± 2082m², geleë oorkant die Swartland Hoërskool te Malmesbury, wat gedeeltelik in die bestaande padreserwe val.

BESLUIT
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat ‘n gedeelte meentgrond (groot ±2082 m²) te Malmesbury, aan die Swartland Voortrekkerkommando verhuur word vir termyn van een (1) jaar m.i.v. 1 September 2022;

(b) Dat huurgeld vasgestel word op R120.00 plus BTW, per jaar;

(c) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly.

7.14 UITSTAANDE DEBITEURE: JULIE 2022 (5/7/1/1)

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Julie 2022.

7.15 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Julie 2022 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.16 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE VULLISVERWYDERINGSVRAGMOTOR, CK 38712 (8/1/B/2)

Die betrokke vullisverwyderingsvoertuig, CK 38712, word gebruik vir die verwydering van vaste afval in die munisipale gebied.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomiteee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;

(b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die vullisverwyderingsvragmotor, CK 38712, deur Transtech ten bedrae van R55 017.08 (BTW uitgesluit);

(c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
    (i) die vragmotor sou vir ‘n geruime tyd buite werking wees indien die normale verkrygingsproses gevolg is;
    (ii) voormelde sou aanleiding gegee het tot ‘n onderbreking in die vullisverwyderingsdiens met gepaardgaande openbare gesondheids-risiko’s;
    (iii) die herstelwerk aan die vragmotor is as ‘n noodgeval hanteer;

(d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R55 017.08 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/241-1253-709 verreken word;

(e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.17 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE DROMSKERMS BY DIE INLAATWERKE VAN DIE MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)

Die inlaatwerke by die Malmesbury WWTW is toegerus met twee dromskerms. Die dromskerms is deel van die primêre behandelingsproses waar vreemde voorwerpe soos lappe, motormotorenjins, klippe ens verwyder word ten einde meganiese toerusting verder af in die behandelingsproses te beskerm.

BESLUIT
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;

(b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die herstelwerk aan die “drum screen” by die Malmesbury WWTW deur *G W Trautmann* ten bedrae van R66 775.52 (BTW uitgesluit) goed te keur;

(c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  (i) indien die normale prosesse gevolg was, sou die dromskerm vir ‘n geruime tyd buite werking gelaat word;
  (ii) voormelde sou lei tot onafwendbare skade aan die meganiese toerusting verder af in die proses;
  (iii) die herstelwerk by die Malmesbury WWTW was dus as 'n noodgeval gehanteer;

(d) Dat kennis geneem word dat die uitgawe ten bedrae van R66 775.52 (BTW uitgesluit) teen posnommer: 9/239-851-689 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.18 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: HERSTELWERK AAN DIE DEZZI-SKRAPER (8/1/B/2)

Die Dezzi-skraper word in Darling gebruik vir die instandhouding van grondpaaie en tydens normale bedrywighede is opgemerk dat die lem nie behoorlik funksioneer nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomiteee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;

(b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die Dezzi-skraper deur *Cape Diggers* ten bedrae van R32 126.00 (BTW uitgesluit);

(c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:

- (i) die omvang van die werk deur *Cape Diggers* aan die masjien om die geaffekteerde komponente te ondersoek om ‘n kwotasie voor te berei;
- (ii) dit as onprakties beskou word om die amptelike verkrygingsprosedures te volg, aangesien dit sou beteken het dat die masjien weer aanmekaar gesit moet word met die foutiewe komponente;
- (iii) *Cape Diggers* is die gemagtigde diensagent vir Dezzi toerusting in die Weskaap;

(d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R32 126.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/241-1253-709 verreken word;

(e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.19 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: AANSTEL VAN SEKURITEITSMAATSKAPPY MET TWEE SEKURITEITSWAGTE EN -HONE BY DIE WESBANK SPORTGRONDE (8/1/B/2)

Die Wesbank Sportgronde gaan steeds gebuk onder diefstal en beskadiging van munisipale bates en word die dienste van ‘n sekuriteitswag daar benodig in ‘n poging om die skade te probeer beperk.

Rdl A K Warnick noem dat die onderskeie sportklubs deur middel van die Sportforum ‘n besluit geneem het om eienaarskap op te neem en die sportgronde teen vandalisme te beskerm deur die Buurtwag te betaal om gereelde patrollies daar te doen.

Die Munisipale Bestuurder noem dat opdrag aan die Sportbeampte gegee sal word om voormelde inisiatief te ondersoek vir oorweging deur die onderskeie Sportforums. Aktiewe burgerskap raak al hoe meer belangrik om die Munisipaliteit by te staan om munipale bates te beskerm ten einde volgehoue dienslewering te verseker.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;

(b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die kwotasie van *Dogs & All* te aanvaar vir die lewering van sekuriteitsdienste by die Wesbank Sportgronde ten bedrae van R96,075.00 (BTW uitgesluit);

(c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:

- (i) die risiko van diefstal en vandalisme van munisipale bates by die Wesbank Sportgronde is van so ‘n aard dat dit nodig is om die Raad se bates daarteen te beskerm;
- (ii) die aanstelling is as ‘n noodgeval hanteer om die munisipale bates teen diefstal en vandalisme te beskerm;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R96,075.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer: 9/237-1017-1319 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

(GET) J H CLEOPHAS
UITVOERENDE BURGEMEESTER

Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE MUNISIPALE BESTUUR-, ADMINISTRASIE EN FINANSIES PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 14 SEPTEMBER 2022 OM 10:00

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:
Ondervoorsitter, rdl N Smit

Penxa, B J	Van Zyl, M (rdd)
Pypers, D C	Vermeulen, G
Soldaka, P E	

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Bestuurder: Openbare Dienste, mnr. J Spies
Hoof: Wetstoepassing/Verkeersdienste, mnr. N Matthys
Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom lede en open die vergadering met skriflesing en gebed.

Die voorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee: Munisipale Bestuurder, Administrasie en Finansies.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle T van Essen, I S le Minnie, E C O'Kennedy, M A Rangasamy, A K Warnick, die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys en die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann.

2. NOTULE

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (MUNISIPALE BESTUUR-, ADMINISTRASIE- EN FINANSIESKOMITEE) GEHOU OP 10 AUGUSTUS 2022

BESLUIT
(voorgestel deur rdd M van Zyl, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Munisipale Bestuur-, Administrasie- en Finansieskomitee) gehou op 10 Augustus 2022 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

3.1 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN SWARTLAND MUNISIPALITEIT

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die skrywes van dank en waardering aan Swartland Munisipaliteit soos met die sakelys gesirkuleer.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. MUNISIPALE BESTUURDER

5.1 MAANDVERSLAG: JULIE 2022

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel soos met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(voorgestel deur rdl D C Pypers, gesekondeer deur rdd M van Zyl)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Munisipale Bestuurder vir Julie 2022.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 SALGA: IGR-WERKGROEP GEHOU OP 16 AUGUSTUS 2022

Die Uitvoerende Burgemeester gee terugvoering oor die SALGA IGR-werkgroep wat op 16 Augustus 2022 gehou is.

Die Uitvoerende Burgemeester lig die lede in oor die onderwerpe wat bespreek was, nl:
- Onbefondsde mandate
- *IGRFA* wysigings
- die herbepaling van Munisipale Dienste
- Die *Upper Limits* van Raadslede

Addisionele inligting word deur die Munisipale Bestuurder gegee.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die terugvoer van die SALGA IGR-werkgroep wat op 16 Augustus 2022 gehou is.

7. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. ADMINISTRASIE

7.1 MAANDVERSLAG: JULIE 2022

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel soos met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdd M van Zyl, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Korporatiewe Dienste vir Julie 2022.

8. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

9. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. FINANSIES

9.1 MAANDVERSLAG: JULIE 2022

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel soos met die sakelys gesirkuleer en versoek die Direkteur: Finansiële Dienste om belangrike aspekte uit te wys.

Die Direkteur: Finansiële Dienste beklemtoon die onderstaande punte, nl:

- Vir Julie 2022 is die Inkomste, R108 442 008 en die Uitgawes, R23 843 713, met 'n rekeningkundige surplus van R84 598 295, vergeleke met die begrote surplus van R59 328 315.

- In vergelyking met die vorige jaar staan die beleggings vir Julie op R 580 miljoen in vergelyking met R 560 miljoen in die vorige jaar.

- Rakende die raad se eksterne lenings, sal die balans van R 99 miljoen aan die einde van Desember 2022 met ongeveer R 5 miljoen verminder word.

- Met betrekking tot die debiteureverslag vir die maand Julie 2022 was daar 'n betalingskoers van 105%.

- Die totale uitstaande skuld is minder as 5% van die raad se totale munisipale inkomste.

- Die Raad se totale deernisregister is byna 42% van sy totale residensiële huishoudings, baie meer as sommige ander munisipaliteite.

BESLUIT
(op voorstel van rdl D C Pypers, gesekondeer deur rdd M van Zyl)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste vir Julie 2022.

10. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) RDL N SMIT
ONDERVOORSITTER

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 14 SEPTEMBER 2022 OM 10:55

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:
Voorsitter, rdl R J Jooste

Bess, D G	Smit, N
Duda, A A	Stanley, B J (rdh)
Fortuin, C	Van Zyl, M (rdd)
Pieters, C	

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Bestuurder: Openbare Dienste, mnr. J Spies
Hoof: Wetstoepassing/Verkeersdienste, mnr. N Matthys
Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig.

Die voorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee: Siviele en Elektriese Dienste.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle T van Essen, E C O'Kennedy, A K Warnick, die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys en die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann.

2. NOTULE

2.1 NOTULES VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTEKOMITEE) GEHOU OP 10 AUGUSTUS 2022

BESLUIT
(voorgestel deur rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 10 Augustus 2022 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1. MAANDVERSLAG: JULIE 2022

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE

Die voorsitter lê die maandverslag, soos met die sakelys gesirkuleer, ter tafel.

Die Bestuurder: Openbare Dienste gee – onder andere – inligting deur insake die die stand van die damvlakke van Voëlvlei- en Paardenbergdam.

Die Bestuurder: Openbare Dienste meld dat die reënval tot op hede laag is in vergelyking met die vorige jare se reënval en die langtermyn gemiddeld. Swartland Munisipaliteit het sy kommer uitgespreek teenoor die Departement van Water en Sanitasie aangaande die lae damvlakke.

Rdl C Fortuin lig die lede in oor die twee skoliere se lyke wat in die munisipale swembad in Moorreesburg gevind is op Vrydag 9 September 2022. Sy versoek dat daar ondersoek ingestel word oor die insident en dat die Munisipaliteit dit moet oorweeg om die ouers van die oorledenes ondersteuning te gee.

Die Munisipale Bestuurder meld dat hy bovermelde insident met die Uitvoerende Burgemeester sal bespreek en besluit sal word tot op watter mate Swartland Munisipaliteit ondersteuning aan die families van die oorledenes sal gee.

BESLUIT
(op voorstel van rdh B J Stanley, gesekondeer deur rdd M van Zyl)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste vir Julie 2022.

5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel soos met die sakelys gesirkuleer en versoek die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller, om belangrike aspekte uit te wys.

BESLUIT
(op voorstel van rdh B J Stanley, gesekondeer deur rdd M van Zyl)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir Julie 2022.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) RDL R J JOOSTE
VOORSITTER

NOTULE VAN ’N VERGADERING VAN DIE ONTWIKKELINGSDIENSTE PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 14 SEPTEMBER 2022 OM 11:26

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:
Voorsitter, rdl G Vermeulen
Ondervoorsitter, rdl D G Bess

Booysen, A M	Pypers, D C
De Beer, J M	Smit, N
Ngozi, M	Soldaka, P E

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Bestuurder: Openbare Dienste, mnr. J Spies
Hoof: Wetstoepassing/Verkeersdienste, mnr. N Matthys
Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter, rdl G Vermeulen, reël dat die vergadering waargeneem word deur die ondervoorsitter, rdl D G Bess, weens gesondheidsprobleme.

Die ondervoorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee: Ontwikkelingsdienste.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle I S le Minnie, M A Rangasamy, C Daniels, die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys en die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann.

2. NOTULE

2.1 NOTULES VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELINGS-DIENSTE) GEHOU OP 10 AUGUSTUS 2022

BESLUIT
(voorgestel deur rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkelingsdienste) gehou op 10 Augustus 2022 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAG: JULIE 2022

Die Voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

Die Direkteur Ontwikkelingsdienste gee inligting deur insake die beplande projekte deur gemeenskapsontwikkeling gedurende September.

Verder gee die Direkteur Ontwikkelingsdienste 'n opsomming rakende die onderskeie behuisingsprojekte.

Rdl A Booysen spreek haar kommer uit oor die De Hoop behuisingsprojek, wat gepaard gaan met die instandhouding van die huise.

Na aanleiding van ‘n bespreking insake die prosesse wat gepaardgaan met die implementering van behuisingsprojekte, word versoek deur rdl N Smit dat ‘n werkwinkel met raadslede gehou word deur die behuisingsafdeling.

BESLUIT
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir Julie 2022.

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR

6.1 DIE MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL

Dat **KENNIS GENEEM** word van die inhoud van die notule van ‘n vergadering van die Munisipale Beplanningstribunaal gehou op 10 Augustus 2022.

7. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) RDL G VERMEULEN
VOORSITTER

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BESKERMINGSDIENSTE PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 14 SEPTEMBER 2022 OM 12:00

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:
Voorsitter, rdd M van Zyl

Bess, D G	Papier, J R
De Beer, J M	Pieters, C
Fortuin, C	Stanley, B J (rdh)
Jooste, R J	Van Zyl, M

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Bestuurder: Openbare Dienste, mnr. J Spies
Hoof: Wetstoepassing/Verkeersdienste, mnr. N Matthys
Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom lede.

Die Ondervoorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee: Beskermingsdienste.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle I S le Minnie, A K Warnick, C Daniels, die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys en die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann.

2. NOTULE

2.1 NOTULES VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (BESKERMINGS-DIENSTE) GEHOU OP 10 AUGUSTUS 2022

BESLUIT
(voorgestel deur rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl R J Jooste)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Beskermingsdienste) gehou op 10 Augustus 2022 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1. MAANDVERSLAG: JULIE 2022

5.1.1 PRESTASIEVERSLAG
5.1.1 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENSTE
5.1.2 BRANDBESTRYDING

Die voorsitter lê die maandverslag, soos met die sakelys gesirkuleer, ter tafel en gee geleentheid aan die Hoof: Wetstoepassing/Verkeersdienste om die belangrikste aspekte uit die maandverslag aan raadslede uit te wys.

BESLUIT
(op voorstel van rdl R J Jooste, gesekondeer deur rdl J M De Beer)

Dat kennis geneem word van die verslae van die onderskeie afdelings in die Direktoraat Beskermingsdienste, nl. Verkeer- en Wetstoepassing en Brandbestryding vir Julie 2022.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) RDD M VAN ZYL
VOORSITTER

Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

Item 6.1.1

Verslag ◆ Ingxelo ◆ Report

Kantoor van die Direkteur: Korporatiewe Dienste
11 Augustus 2022

12/2R

ITEM 7.10 VAN DIE AGENDA VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING WAT GEHOU SAL WORD OP 17 AUGUSTUS 2022

ONDERWERP: AANSOEK OM VESTIGING VAN KREMATORIUM, DARLING
SUBJECT: APPLICATION FOR ESTABLISHMENT OF A CREMATORIUM, DARLING

1. AGTERGROND

1.1 Die Munisipaliteit het die aangehegte aansoek (**AANHANGSEL A**) ontvang van Mnr Christo Vermaak vir die verkryging van 'n gedeelte grond by die Darling-begraafplaas vir die vestiging van 'n krematorium. Hy benodig ongeveer 300 m² vir hierdie doel, soos aangedui op die uitlegplan hierby aangeheg, gemerk **AANHANGSEL B**.

1.2 Hierdie aangeleentheid is op bestuursvlak oorweeg, en die volgende voor- en nadele daaromtrent uitgelig:

- Die grond wat benodig word, sal die leeftyd van die begraafplaas met ongeveer ses maande (50 grafte) teen die huidige aanwas verkort;
- Die voorgestelde gebruik sal (1) indien die grond verkoop word, vereis dat 'n onderverdelings- en hersoneringsproses deurloop moet word, of (2) indien dit verhuur word, 'n vergunningsgebruikaansoek vereis ten opsigte van die *footprint* area van gebruik;
- Daar potensieel heelwat teenkanting vanaf die publiek mag wees teen die betrokke bedryf naby 'n residensiële gebied, as gevolg van reuk- of ander oorlaste;
- Die tipe bedryf moontlik 'n omgewingsproses mag vereis, wat duur en tydrowend is;
- Dit nie billik is teenoor ander kommersiële beleggers indien sekere individue bevoordeel word deur die proses te vergemaklik vir hulle om munisipale grond te bekom nie, terwyl daar in die algemeen van hierdie tipe belegger verwag sou word om grond in die nywerheidsgebied aan te koop en die nodige regte te bekom.
- Die krematorium, wat skynbaar voltyds (24 uur) bedryf sal word, moontlik mag bydra tot die bekamping van vandalisme, asook (indien dit 'n voorwaarde van verkoop/verhuur gemaak sou word) die daarstel van toiletfasiliteite vir die begraafplaas deur die ontwikkelaar.

2. WETGEWING

2.1 Die vervreemding of verlening van langtermynregte in grond word gereguleer deur die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, die *Municipal Asset Transfer Regulations*, 2008 sowel as die Raad se Verordening insake die Oordrag van Kapitale Bates, effektief vanaf 22 Mei 2015, wat vereis dat die prosesse daaromheen billik, regverdig, deursigtig en mededingend moet wees.

2.2 Die uit-die-hand vervreemding of verhuring van munisipale eiendom word slegs onder baie beperkte voorwaardes toegelaat, wat in hierdie geval nie ter sprake is nie. Gevolglik sal daar, indien die Raad in beginsel sou besluit om wel 'n gedeelte van die begraafplaasgrond vir 'n krematorium beskikbaar te stel, 'n publieke proses deurloop moet word om tenders met ontwikkelingsvoorstelle te in.

3. FINANSIëLE IMPLIKASIES

Daar sal volledig met hierdie aspekte gehandel word indien 'n verslag aan die Raad voorgehou word rakende die vervreemding of verhuring van die grond, hangende die besluit/aanbeveling van die burgemeesterskomitee.

Voorgelê vir oorweging.

BESLUIT dat die item oorstaan.

AFSKRIFTE – DK, vir voorlegging in September in oorleg met BM

"A"

Aansoek in grond:
Darling krematorium

LEAN BUSINESS START UP PLAN

MUNISIPALITEIT SWARTLAND			Reg.	
LEER No: 12/2/R			FOLIO No:	
Verwys Na	Inligting	Verslag	Afhandel	Kom/Taar
DK				
cc Karin Smit				
Ander Opdrag:				
SPERDATUM:				(get)BK

Name of business. Darling Crematorium.

Owner: Christo Adriaan Vermaak.

Physical Address and contact details: 31B Church street Darling 7345

Cell. 071 550 8243 Email. vermaakca1@gmail.com

Brief description of service.

My services will start by collecting human remains (in caskets/coffins) from funeral undertakers in and around the Swartland district and transporting them to my proposed premises in the Darling Industrial area .


(b) Publikasies : (Koerante en Tydskrifte)
Die Burger Blombylaag - 27 Julie 2021

(c) Radio en TV onderhoude gevoer:
Die streek het 'n permanente tydgleuf op Vrydae om 12:30 op Radio Namakwaland in hul Kontreinuus program. Luisteraars word meer vertel van die Swartland, die dorpe en gebeure wat plaasvind. Verskeie lede, organiseerders en beamptes is kans gegee om die onderhoude te doen.

Radio Onderhoude : Radio Namakwaland	Die Swartland Toerisme beampte reël vir elke vrydag se tydgleuf om 12:30 sprekers wat kan praat oor "Events" en ander interressanthede in die Swartland.	Elke Vrydag om 12:30 2021/2022

(d) E-bemarking

www.swartlandtourism.co.za:
Nuwe gebeure en inligting word weekliks/maandeliks bygevoeg en opgedateer soos vanaf die dorpe ontvang. Gereelde verbetering vind ook plaas op die blad, soos die toegang vanaf mobiele toestelle vir die Swartland Voëlkykroete skakel, om in lyn te bly met webblad en internet gebruik veranderinge.

(e) Sosiale media (facebook, blogs, twitter, groupon promosies):

Facebook: Die "Cape West Coast/Swartland Tourism facebook" blad is baie aktief en daagliks/weekliks word gebeure, inligting en interressantehede geplaas wat met verskeie ander blaaie gekoppel word om 'n wyer besoeker getal te verkry.

Die Swartland Voëlkykroete se facebook blad is ook is baie aktief. Lede van die blad doen gereeld plasings en hou inligting baie op datum en relatief

Twitter: @planetswartland. Alle status opdaterings op facebook word geskakel met twitter deur #Swartland en verskeie ander # skakels te gebruik in plasings wat baie meer twitter gebruikers bereik.- volgelinge
'n Tweede rekening is ook oopgemaak wat baie goed doen.

(f) Toerisme Ekspo's

Swartland Toerisme het uitgestal by die Caravan Expo in Midrand (Februarie 2022) Kyknet Buite Expo (Maart 2022), en die WTMAfrica Expo in April 2022.
Bemarking en voorsiening van inligting van die Swartland streek en dorpe se toerisme kantore.

(g) Feeste gehou

Verskeie feeste is weer in die verskillende dorpe aangebied en dinge isstadigaan besig om terug te keer na normal na die Covid Pandemie.

(h) Ander aksies geloods

SWARTLAND TOERISME	• ,n Bemarkingsaksie is geloods waar 4 toer operateurs, 4 media persone, 2 bloggers en een sosiale media persoon genooi was om toerisme in die Swartland te ervaar van 20 – 22 April 2021. Hiermee het ons heelwat blootstelling op sosiale media en in die gedrukte media gekry. • Reisplan is uitgewerk vir Nomad Adventures vir dag- en naweektoere na die Swartland

4. Ontwikkeling

(a) Opleiding en ondersteuning

- Weskus Toerisme Beampte Opleiding – 4 dorpsbeamptes woon dit by in November 2021
- Opvolg toerisme werkswinkel word aangebied te Chatsworth in samewerking met WDM
- Tydens Covid-19 Pandemie is vele webinars bygewoon en ondersteuning deurgegee aan SMMEs rakende befondsingshulp en TERS WVF.

5. Toerisme Struktuur

Personeel:

Helena van Rooyen (Okt'19 tot hede) – Streekstoerisme Beamptes, Grachen de Jager

BESTUURSKOMITEE

Dorpe	Afgevaardigdes	Beamptes
DARLING	Mnr Tewie Roos & Me Hannelie van As	Dianne le Roux
MALMESBURY	Geen	
MOORREESBURG & KORINGBERG	Me. Tania Le Roux & Me Karin Theron	Anél Hanekom
RIEBEEK VALLEI	Mnr. Sean Cleary le Grange & Mnr Zakkie Bester	Ann Heyns
YZERFONTEIN	Mnr Henk Bruwer & Dawie Scholtz	Lin Coetzee

SWARTLAND MUNISIPALITEIT

RAADSLEDE	Me.Marlene van Zyl & Me Nicolene Smit
VERTEENWOORDIGER	Me.Ilse Loock

SWARTLAND WYN & OLYFROETE

BESTUURDER	Me. Jolene Janse van Rensburg

VOORSITTER: Mnr. Henk Bruwer
ONDER VOORSITTER: Mnr. Tewie Roos
TESOURIER: Mnr. Dawie Scholtz

6. Algemeen

Graag wil ek 'n paar **aksies** uitlig van die afgelope jaar.

- Eerstens is die Herstrukturering van toerisme in die Swartland na 'n tydsameproses afgehandel.
- Tweedens het Stanford Universiteit in die VSA R360 000 geskenk aan Yzerfontein Toerisme vir die beskerming en bewaring van die middle-steentydperk uitgrawings by die Yzerfontein hawe, wat ongeveer 113 000 jaar oud is.
- Derdens is 'n aksie begin om sensitiewe kulturele areas in die Swartland dorpe te identifiseer en te bewaar.

Gedurende die afgelope klompie jare was daar baie hoogtepunte maar het ons ook baie uitdagings gehad.

Die **Hoogtepunte** sou wees dat ons 'n verskil kon maak en Swartland Toerisme na nuwe vlakke neem. Ook die wonderlike kameradie en vriendskappe wat gevorm is en sodoende mekaar se dilemmas en uitdagings leer verstaan.

Uitdagings bly maar 'n kroniese gebrek aan fondse en die karinge salarisse van die personeel was baie frustrurend. Die nuwe struktuur spreek egter hierdie problem grootliks aan.

7. Dankbetuigings

Hartlike dank aan :

- die **bestuurskomitee** wat vrywillig hul kragte en energie gegee het ter wille van die saak en teen geen vergoeding nie.
- al die **personeellede** wat gekom en gegaan het en probeer het om 'n verskil te maak.
- **Swartland Munisipaliteit** wat ons veral die afgelope paar jaar sterk ondersteun en in besonder dankie aan **Ilse Loock** vir haar hulp en ondersteuning.
- Veral aan **Kiewiet van Rooyen** wat ons die afgelope 3 jaar deurgetrek het met haar kennis, ywer en toewyding,
- Ons **Hemelse Vader** vir al Sy wonderlike seëninge.

Die uwe

Henk Bruwer
VOORSITTER:
KAAPSE WESKUS/SWARTLAND TOERISME ORGANISASIE (KWSTO)

CAPE WEST COAST/SWARTLAND TOURISM - PERFORMANCE MEASUREMENT 2021/2022 - End of year June 2022

National KPI	IDP Objective		KPI Name		KPI Description	Target	Target reached	2021-2022
Local Economic Development	Promotion of Tourism in Swartland Municipal Region	1	**Regional Tourism growth per annum**		% increase in visitors per annum compared to the previous year: **TOURISM OFFICE- Telephone, Fax, Emails, Website, Domestic, International visitors.**	2%	This was a very good year with especially domestic travellers visiting the Swartland. There was an increase of more than 100% after the Covid Pandemic Regulations were lifted.	371,403
					Accommodation, Restaurants, Museums, Attractions and Events	2%	After the Covid Pandemic Regulations were lifted tourism is flourishing and showed an increase of more than 100%	984,995
		2	**Promotional Activities per annum**	2.1	Advertisements and Articles in Printed Media	5	Yes - Combined figure of CWCST and 5 towns.	43
				2.2	Radio and television coverage.	10	Yes - Combined figure of CWCST and 5 towns.	57
				2.3	Social Media	100 Friends & Followers	Yes - Combined figure of CWCST and 5 towns.	782,684
				2.4	Website	500 no of visits	Yes - Combined figure of CWCST and 5 towns.	185,654
				2.5	Exhibitions & Marketing Events	1	Yes, Swartland Tourism exhibited at three exhibitions.	Caravan Expo -Gauteng, KykNET Buitelug Expo & WTMAfrica Trade show - CT
				2.6	Initiatives within the Swartland - Festivals & other.	2	Yes - Combined figure of CWCST and 5 towns.	156 included 2 educationals to 12 tour operators and media people 10 - 14 April 2022
				2.7	Electronic newsletters.	6	Yes - Combined figure of CWCST and 5 towns.	66
		3	**Revision of Swartland tourism Strategy**		Review Strategy.	0	No - Tourism Strategy was revised in June 2017 for 2017 - 2022 and will be revised this year with the implementation of the new Tourism Model for the Swartland	0
		4	**Growing tourism and assist with job creation and transformation**		BEE assisted through training and awareness programmes.	5 people	Yes - Potential and Existing BEE businesses and product owners.	1 x tourism awareness workshops were hosted and 6 people were mentored
		5	**Updated Database**		Updated membership database submitted to mun for evaluation.	1	Yes - 5 towns updated their database in July 2022 with members details who's membership fees is fully paid up.	5
		6	**Reporting**	6.1	Quarterly reporting on tourism activities and financial management to Swartland Municipality. *Oct = (Jul - Sep 21) Jan 22 (Oct - Dec 21) Apr 22 (Jan - Mrch 22) Jul 22 (Apr - Jun 22)	Handed in by: *Oct 2021 Jan 2022 April 2022 July 2022	Yes	4
				6.2	Yearly/Chairmans report annualy in August with AGM.	1	Yes.	1
				6.3	Financial Statements to be handed in by October annually	1	Audited Financial Statements were handed in on 17 August 2022	1

KAAPSE WESKUS / SWARTLAND TOERISME

FINANSIëLE JAARSTATE OP 30 JUNIE 2022

DE JAGER BOSHOFF

KAAPSE WESKUS / SWARTLAND TOERISME
FINANSIËLE JAARSTATE OP 30 JUNIE 2022

ALGEMENE INLIGTING

Land van Inkorporasie en Domisilie:	Suid-Afrika
Aard van Besigheid en Bedrywighede:	Die bevordering van toerisme in die omgewing en vervolgens ekonomiese ontwikkeling
Komitee:	H Bruwer (Voorsitter) T Roos (Onder-voorsitter) D Scholtz (Tesourier) JJ van Rensburg T le Roux K Theron S Cleary Z Bester T Marsh
Geregistreerde Adres:	Kerkstraat 1 Malmesbury 7300
Posadres:	Posbus 591 Malmesbury 7299
Vlak van Gerusstelling:	Hierdie finansiële jaarstate is geoudit in ooreenstemming met die Grondwet.
Ouditeur:	De Jager Boshoff Inc CB de Jager Geoktrooieerde Rekenmeester (SA) Geregistreerde Ouditeur Direkteur
Samesteller:	Unik Professional Services Inc Hierdie finansiële jaarstate is onafhanklik saamgestel onder toesig van: O Boshoff Professionele Rekenmeester (SA) Direkteur
Datum Uitgereik:	12 Augustus 2022

KAAPSE WESKUS / SWARTLAND TOERISME

FINANSIëLE JAARSTATE OP 30 JUNIE 2022

INHOUD

KAAPSE WESKUS / SWARTLAND TOERISME

VERANTWOORDELIKHEIDSVERKLARING EN GOEDKEURING DEUR DIE BESTUUR

FINANSIëLE JAARSTATE OP 30 JUNIE 2022

Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk vereis dat die bestuur toereikende rekeningkundige rekords moet handhaaf en verantwoordelik is vir die inhoud en integriteit van die finansiële jaarstate en verwante finansiële inligting wat by hierdie verslag ingesluit is. Dit is hul verantwoordelikheid om te verseker dat die finansiële jaarstate 'n redelike weergawe is van die stand van sake van die organisasie soos op 30 Junie 2022 en die resultate van die organisasie se bedrywighede en kontantvloei vir die tydperk wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk.

Die finansiële jaarstate is ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk opgestel en is gebaseer op toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas is en wat deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun word.

Die bestuur erken dat hulle uiteindelik verantwoordelik is vir die stelsels van interne finansiële beheer wat deur die organisasie ingestel is en plaas aansienlike klem op die handhawing van 'n streng beheeromgewing. Die bestuur stel standaarde vir interne beheer wat daarop gemik is om die risiko van foute of verlies op 'n koste-effektiewe wyse te verminder om die bestuur in staat te stel om hierdie verantwoordelikhede na te kom. Die standaarde sluit in die behoorlike delegasie van verantwoordelikhede binne 'n duidelik gedefinieerde raamwerk, effektiewe rekeningkundige prosedures en toereikende skeiding van pligte om 'n aanvaarbare risikovlak te verseker. Hierdie beheermaatreëls word regdeur die organisasie gemonitor en alle werknemers word verplig om die hoogste etiese standaarde te handhaaf om te verseker dat die organisasie se besigheid uitgevoer word op 'n wyse wat in alle redelike omstandighede bo verdenking is. Die organisasie se fokus op risikobestuur is gerig op die identifisering, evaluering, bestuur en monitering van alle bekende risiko's in die organisasie. Hoewel die bedryfsrisiko nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, poog die organisasie om dit tot 'n minimum te beperk deur te verseker dat die toepaslike infrastruktuur, kontroles, stelsels en etiese gedrag binne voorafbepaalde prosedures en beperkings toegepas en bestuur word.

Die bestuur is van mening dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat daar vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate op die finansiële rekords gesteun kan word. Enige interne finansiële beheerstelsel kan egter slegs redelike, en nie absolute nie, versekering bied teen enige wesenlike wanvoorstelling of verlies.

Die eksterne ouditeure is verantwoordelik vir die onafhanklike ouditering en verslagdoening van die organisasie se finansiële jaarstate. Die finansiële jaarstate is deur die organisasie se eksterne ouditeure ondersoek en hul verslag is uiteengesit op bladsye 4 tot 5.

Die finansiële jaarstate wat uiteengesit is op bladsye 6 tot 12, en voorberei is op die likwidasie basis, is deur die bestuur goedgekeur en onderteken deur:

VOORSITTER

ONDER-VOORSITTER

TESOURIER

12 Augustus 2022

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR AAN
DIE BESTUUR VAN KAAPSE WESKUS / SWARTLAND TOERISME

Ouditmening

Ons het die finansiële state van Kaapse Weskus / Swartland Toerisme soos uiteengesit op bladsye 8 tot 12, geoudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die staat van finansiële posisie soos op 30 Junie 2022, staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste, staat van kontantvloei en 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende aantekeninge.

Na ons mening, is hierdie finansiële state in alle wesenlike opsigte 'n redelike voorstelling van die finansiële posisie van die organisasie op 30 Junie 2022, en van die resultate van die bedrywighede en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk toepaslik op die besigheid van die organisasie.

Grondslag vir Mening

Ons het ons oudit ooreenkomstig die *International Standards on Auditing ("ISAs")* uitgevoer. Ons verantwoordelikhede ingevolge daardie standaarde word verder beskryf in die Ouditeur se Verantwoordelikhede vir die Oudit van die Finansiële State afdeling van ons verslag. Ons is onafhanklik van die organisasie in ooreenstemming met die *Independent Regulatory Board for Auditors ("IRBA")* se *Code of Professional Conduct for Registered Auditors (Revised January 2018) ("IRBA Code (Revised January 2018)")*, Deel 1 en 3 van die *Independent Regulatory Board of Auditors* se *Code of Professional Conduct for Registered Auditors (Revised November 2018) ("IRBA Code (Revised November 2018)")* en ander onafhanklikheidsvereistes wat van toepassing is op oudits van finansiële state in Suid-Afrika. Ons het ons ander etiese verantwoordelikhede, soos van toepassing, in ooreenstemming met die *IRBA Code (Revised January 2018)*, die *IRBA Code (Revised November 2018)* en in ooreenstemming met ander etiese vereistes van toepassing op die uitvoering van oudits in Suid-Afrika, nagekom. Afdeling 290 en 291 van die *IRBA Code (Revised January 2018)* is konsekwent met Afdeling 290 en 291 van die *International Ethics Standards Board for Accountants* se *Code of Ethics for Professional Accountants*. Deel 1 en 3 van die *IRBA Code (Revised November 2018)* is konsekwent met Deel 1 en 3 van die *International Ethics Standards Board for Accountants* se *Code of Ethics for Professional Accountants (including International Independence Standards)*. Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied.

Beklemtoning van Aangeleentheid

Sonder om ons ouditmening in hierdie verband te kwalifiseer, vestig ons u aandag daarop dat die organisasie op jaareinde ontbind het en dus is die finansiële state voorberei op die likwidasie basis ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk toepaslik op die besigheid van die organisasie. Verwys na aantekening 7 in die finansiële state.

Ander Inligting

Die bestuur is verantwoordelik vir die ander inligting. Die ander inligting bestaan uit die Verslag van die Bestuur. Ander inligting sluit nie die finansiële state en ons ouditeursverslag daaroor in nie. Ons mening oor die finansiële state dek nie die ander inligting nie en ons spreek geen ouditopinie of enige vorm van gerusstelling daaroor uit nie.

In verband met ons oudit van die finansiële state is dit ons verantwoordelikheid om die ander inligting te lees, en sodoende te oorweeg of die ander inligting wesenlik teenstrydig is met die finansiële state of kennis verkry gedurende die oudit, of andersins blyk om wesenlik wanvoorgestel te wees. Indien ons, op grond van die werk wat ons uitgevoer het op die ander inligting verkry voor die datum van die ouditeursverslag, tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n wesenlike wanvoorstelling van hierdie ander inligting is, word van ons vereis om daardie feit te rapporteer. Ons het niks om in hierdie verband te rapporteer nie.

Verantwoordelikhede van Bestuur vir die Finansiële State

Die organisasie se bestuur is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van hierdie finansiële state ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk toepaslik op die besigheid van die organisasie, en op die wyse wat deur die Grondwet van die organisasie vereis word.

As deel van die opstel van die finansiële state is die bestuur daarvoor verantwoordelik om die organisasie se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan te beoordeel, en soos toepaslik aangeleenthede wat verband hou met lopende saak en die gebruik van die lopendesaakgrondslag van verslagdoening te openbaar, tensy bestuur beplan om die organisasie te likwideer of om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het as om dit te doen nie. Die organisasie het op jaareinde ontbind. Verwys na aantekening 7 in die finansiële state.

Ouditeur se Verantwoordelikhede vir die Oudit van die Finansiële State

Ons doelwitte is om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state as 'n geheel vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, en om 'n ouditeursverslag uit te reik wat ons mening bevat. Redelike gerusstelling is 'n hoë vlak van gerusstelling, maar is nie 'n waarborg dat 'n oudit wat ooreenkomstig die *ISAs* uitgevoer is altyd 'n wesenlike wanvoorstelling sal opspoor indien dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan ontstaan as gevolg van bedrog of foute, en word individueel of in totaal wesenlik geag indien dit redelikerwys verwag kan word dat sodanige wanvoorstellings die ekonomiese besluite van gebruikers wat op grond van hierdie finansiële state geneem word, sal beïnvloed. As deel van 'n oudit ooreenkomstig die *ISAs* oefen ons professionele oordeel uit en handhaaf ons professionele skeptisisme deurlopend deur die oudit. Ons doen ook die volgende:

- Identifiseer en beoordeel die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute, ontwerp en voer ouditprosedures uit na aanleiding van daardie risiko's, en verkry ouditbewyse wat voldoende en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied. Die risiko van nie-opsporing van 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van bedrog is groter as vir 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van foute, aangesien bedrog samespanning, vervalsing, doelbewuste weglatings, wanvoorstellings of die omseiling van interne beheer kan behels.
- Verkry 'n begrip van interne beheer relevant tot die oudit ten einde ouditprosedures te ontwerp wat toepaslik is in die omstandighede, maar nie vir die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die organisasie se interne beheer nie.
- Evalueer die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings en verwante openbaarmaking wat deur die bestuur gemaak is.
- Kom tot 'n gevolgtrekking oor die toepaslikheid van die bestuur se gebruik van die lopendesaakgrondslag van verantwoording, en gebaseer op ouditbewyse verkry, kom tot 'n gevolgtrekking oor die bestaan van 'n wesenlike onsekerheid wat verband hou met gebeure of omstandighede wat beduidende twyfel kan laat bestaan oor die organisasie se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan. Waar ons tot die gevolgtrekking kom dat 'n wesenlike onsekerheid bestaan, word daar van ons vereis om in ons ouditeursverslag aandag te vestig op die toepaslike openbaarmaking in die finansiële state, of, indien sodanige openbaarmaking onvoldoende is, om ons mening te wysig. Ons gevolgtrekkings word gebaseer op ouditbewyse verkry tot en met die datum van ons ouditeursverslag. Toekomstige gebeure en omstandighede mag egter daartoe aanleiding gee dat die organisasie ophou om as 'n lopende saak voort te bestaan.
- Evalueer die algehele voorstelling, struktuur en inhoud van die finansiële state, insluitende die openbaarmaking, en of die finansiële state die onderliggende transaksies en gebeure op só 'n manier weergee dat redelike voorstelling bereik word.

Ons kommunikeer met bestuur oor, onder andere, die beplande omvang en tydsberekening van die oudit en beduidende ouditbevindinge, insluitende enige beduidende tekortkominge in interne beheer wat ons tydens ons oudit identifiseer.

Ons voorsien bestuur ook met 'n bevestiging dat ons relevante etiese vereistes rakende onafhanklikheid nagekom het, en ons kommunikeer aan hulle alle verhoudings en ander aangeleenthede wat redelikerwys geag kan word om ons onafhanklikheid te beïnvloed, sowel as voorsorgmaatreëls, waar dit van toepassing is.

CB DE JAGER GR (SA)
Direkteur
Geregistreerde Ouditeur

12 Augustus 2022

KAAPSE WESKUS / SWARTLAND TOERISME

VERSLAG VAN DIE BESTUUR AAN DIE LEDE

Die bestuur het genoeë om oor die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2022 as volg te rapporteer:

1 AARD VAN BESIGHEID EN BEDRYWIGHEDE

Die hoofbesigheid van die organisasie is die bevordering van toerisme in die omgewing en vervolgens ekonomiese ontwikkeling.

2 OORSIG VAN BEDRYFSRESULTATE

Die bedryfsresultate van die organisasie is volledig uiteengesit in die meegaande finansiële jaarstate.

3 BESTUURSKOMITEE

Die bestuur gedurende die rekenpligtige tydperk was:

Voorsitter	H Bruwer
Onder-voorsitter	T Roos
Tesourier	D Scholtz
Lede	JJ van Rensburg
	T le Roux
	K Theron
	S Cleary
	Z Bester
	T Marsh

4 GEBEURE NA REKENPLIGTIGE TYDPERK

Soos vereis deur die Grondwet van die entiteit, is die netto bates by ontbinding van die organisasie op 30 Junie 2022 oorgedra na 'n entiteit met dieselfde doel as Swartland Toerisme, naamlik Swartland Tourism NPC. Die bankrekeningsaldo's en die Eiendom, Aanleg en Toerusting is na jaareinde oorgedra na Swartland Tourism NPC. 'n Voorsiening vir die oordrag van die saldo's is voorsien onder Kapitaal en Reserwes in die Staat van Finansiële Posisie.

Die bestuur is nie bewus van enige wesenlike gebeurlikhede wat plaasgevind het na die verslagdoeningsdatum tot en met die datum van die goedkeuring van die finansiële jaarstate nie.

5 LOPENDE SAAK

U aandag word daarop gevestig dat die organisasie op jaareinde ontbind het soos deur die bestuur besluit op 24 Augustus 2021, en dat die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 Junie 2022 dus op likwidasie basis opgestel is.

Die bestuur is nie bewus van enige wesenlike nie-nakoming van statutêre of regulatoriese vereistes nie, of van enige hangende veranderinge aan wetgewing wat die organisasie mag affekteer nie.

12 Augustus 2022

VERSLAG VAN DIE SAMESTELLER

aan die lede van

KAAPSE WESKUS / SWARTLAND TOERISME

Op grond van inligting wat deur die bestuur van die organisasie verstrek is, het ons, in ooreenstemming met die Internasionale Standaard op Verwante Dienste (ISRS 4410) soos van toepassing op kompilasie aanstellings, die staat van finansiële posisie soos op 30 Junie 2022, staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste en staat van kontantvloei vir die jaar geëindig op daardie datum, 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende aantekeninge, soos uiteengesit op bladsye 8 tot 12, saamgestel.

Ons het ons kundigheid in rekeningkunde en finansiële verslagdoening toegepas om die lede by te staan in die voorbereiding en aanbieding van hierdie finansiële jaarstate in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk toepaslik op die besigheid van die organisasie. Ons het voldoen aan relevante etiese vereistes, insluitend die beginsels van integriteit, objektiwiteit, professionele bevoegdheid en behoorlike sorg.

Ons het nie hierdie finansiële jaarstate geoudit of onafhanklik hersien nie, en spreek dus geen gerusstelling daaroor uit nie.

Die bestuur van die organisasie is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van hierdie finansiële jaarstate ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk opgestel en is gebaseer op toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas is en wat deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun word.

O BOSHOFF
Professionele Rekenmeester (SA)
Praktyknommer: PRAC665

12 Augustus 2022

Unik Professional Services Inc. | Reg. No. 2020/770819/21
Director: O Boshoff | B Compt, H Dip Tax, LLM (Tax), Professional Accountant (SA)
De Jager Boshoff Building, 5 Church Street, Malmesbury, 7300 | PO Box 107, Malmesbury, 7299
+27 22 482 1169 | info@unikone.co.za | www.unikone.co.za

KAAPSE WESKUS / SWARTLAND TOERISME

STAAT VAN FINANSIëLE POSISIE OP 30 JUNIE 2022

	Aantekeninge	2022 R	2021 R
BATES			
Nie-Bedryfsbates			
Eiendom, Aanleg en Toerusting	2	0.00	25,026.75
Bedryfsbates			
Kontant en Kontantekwivalente	3	0.00	130,288.62
Totale Bates		0.00	155,315.37
EKWITEIT EN LASTE			
Kapitaal en Reserwes		0.00	154,391.51
Saldo aan begin van die jaar		154,391.51	156,304.61
Regstelling van Vorige Tydperk Fout	5	0.00	11,860.28
Voorsiening vir Oordrag na Swartland Tourism NPC	6	(167,976.60)	0.00
Netto Surplus/(Tekort) vir die jaar		13,585.09	(13,773.38)
Bedryfslaste			
Handels- en Ander Krediteure	4	0.00	923.86
Totale Laste		0.00	923.86
Totale Ekwiteit en Laste		0.00	155,315.37

KAAPSE WESKUS / SWARTLAND TOERISME

STAAT VAN WINS OF VERLIES EN ANDER OMVATTENDE INKOMSTE

VIR DIE JAAR GEëINDIG 30 JUNIE 2022

	2021 - 2022		2021 - 2022	2020 - 2021	
	R	R	R	R	R
	WERKLIK	BEGROOT	AFWYKING Werklik vs Begroot	WERKLIK	VERSKIL Werklik 2021 vs 2020
INKOMSTE	1,006,771.46	1,004,000.00	2,771.46	820,798.47	185,972.99
Rente Ontvang	6,771.46	4,000.00	2,771.46	4,309.47	2,461.99
Subsidie - Swartland Munisipaliteit	1,000,000.00	1,000,000.00	0.00	816,489.00	183,511.00
Min: UITGAWES	993,186.37	972,331.00	20,855.37	834,571.85	158,614.52
Advertensies	122,202.48	100,000.00	22,202.48	52,445.40	69,757.08
Bankkoste	4,354.51	4,000.00	354.51	3,857.50	497.01
Befondsing Toerisme Buro's	481,950.00	481,950.00	0.00	459,000.00	22,950.00
Depresiasie	5,407.55	1,562.00	3,845.55	1,561.80	3,845.75
Drukwerk en Skryfbehoeftes	2,939.25	2,600.00	339.25	918.68	2,020.57
Herstrukturering	0.00	5,500.00	(5,500.00)	0.00	0.00
Kantooruitgawes	2,555.41	7,500.00	(4,944.59)	537.51	2,017.90
Kleingereedskap	1,078.99	0.00	1,078.99	0.00	1,078.99
Ongevalleversekering	1,673.50	2,500.00	(826.50)	1,970.22	(296.72)
Onthaalkoste	2,994.46	3,000.00	(5.54)	1,950.00	1,044.46
Ontwikkeling en Opleiding	10,000.00	10,000.00	0.00	7,000.00	3,000.00
Ouditeursvergoeding	19,550.00	20,000.00	(450.00)	18,009.00	1,541.00
Posgeld en Koerierkoste	0.00	500.00	(500.00)	0.00	0.00
Rekenmeestersgelde	14,547.50	15,000.00	(452.50)	13,225.00	1,322.50
Reis- en Verblyfkoste - Plaaslik	20,759.54	20,000.00	759.54	10,390.14	10,369.40
Rekenaaruitgawes	1,248.30	2,000.00	(751.70)	680.20	568.10
Salarisse en Lone	277,595.29	263,525.00	14,070.29	238,296.30	39,298.99
Subskripsies	689.00	950.00	(261.00)	954.00	(265.00)
Telefoon en Posgeld	23,640.59	27,000.00	(3,359.41)	19,032.09	4,608.50
Versekering	0.00	4,744.00	(4,744.00)	4,744.01	(4,744.01)
NETTO SURPLUS/(TEKORT) vir die jaar	13,585.09	31,669.00	(18,083.91)	(13,773.38)	27,358.47

KAAPSE WESKUS / SWARTLAND TOERISME

STAAT VAN KONTANTVLOEI VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2022

	2022 R	2021 R
KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE	18,068.78	(11,407.06)
Netto Surplus/(Tekort) vir die jaar	13,585.09	(13,773.38)
Aangepas vir:	(1,363.91)	(2,747.67)
Depresiasie	5,407.55	1,561.80
Rente Ontvang	(6,771.46)	(4,309.47)
Bedryfswins/(-verlies) voor Veranderinge in Bedryfskapitaal	12,221.18	(16,521.05)
Veranderinge in Bedryfskapitaal	(923.86)	804.52
(Toename)/Afname in Handels- en Ander Debiteure	0.00	1,388.70
Toename/(Afname) in Handels- en Ander Krediteure	(923.86)	(584.18)
Kontant uit Bedrywighede Voortgebring	11,297.32	(15,716.53)
Rente Ontvang	6,771.46	4,309.47
KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE		
Toevoegings tot Eiendom, Aanleg en Toerusting	0.00	(23,074.50)
KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE		
Oordrag van Kapitaal en Reserwes	(148,357.40)	0.00
Netto Afname in Kontant en Kontantekwivalente	(130,288.62)	(34,481.56)
Kontant en Kontantekwivalente aan begin van die jaar	130,288.62	164,770.18
Kontant en Kontantekwivalente aan einde van die jaar	0.00	130,288.62

KAAPSE WESKUS / SWARTLAND TOERISME

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIëLE JAARSTATE OP 30 JUNIE 2022

1 REKENINGKUNDIGE BELEID

Die finansiële jaarstate is opgestel op die likwidasie basis ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk toepaslik op die besigheid van die organisasie. Die vernaamste rekeningkundige beleidsrigtings gevolg, wat ooreenstem met dié van die vorige jaar (behalwe in die gevalle waar die toepassing van die likwidasie basis dit wysig), word uiteengesit onder die aantekeninge waar van toepassing.

2 EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

	2022 R	2021 R
Rekenaartoerusting		
Drabedrag aan begin van die jaar	25,026.75	3,514.05
Kosprys	32,445.20	9,370.70
Opgelope Depresiasie	(7,418.45)	(5,856.65)
Toevoegings	0.00	23,074.50
Depresiasie	5,407.55	1,561.80
Voorsiening vir Oordrag na Swartland Tourism NPC	(19,619.20)	0.00
Kosprys	(32,445.20)	0.00
Opgelope Depresiasie	12,826.00	0.00
Drabedrag aan einde van die jaar	0.00	25,026.75
Kosprys	0.00	32,445.20
Opgelope Depresiasie	0.00	(7,418.45)
Totale Eiendom, Aanleg en Toerusting	0.00	25,026.75

Depresiasie op Eiendom, Aanleg en Toerusting word soos volg voorsien:

Rekenaartoerusting - 6 jaar op die reguitlynmetode

Alhoewel die finansiële jaarstate op die likwidasie basis opgestel is, word Eiendom, Aanleg en Toerusting teen drabedrag oorgedra na Swartland NPC soos ooreengekom.

		2022 R	2021 R
3	**KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE**		
	ABSA Bank	0.00	118,390.69
	Depositor Plus	0.00	105,106.30
	Tjekrekening	0.00	13,284.39
	Eerste Nasionale Bank		
	Besigheidsrekening	0.00	11,860.28
	Kontant Voorhande	0.00	37.65
		0.00	130,288.62
4	**HANDELS- EN ANDER KREDITEURE**		
	Handelskrediteure	0.00	923.86

5 **VORIGE TYDPERK FOUT**

Kontant en Kontantekwivalente was onderstateer in die vorige jaar.

Die regstelling van die fout het die volgende wysigings tot gevolg gehad:

Toename in Kontant en Kontantekwivalente	11,860.28
Toename in Ekwiteit	11,860.28

6 **GEBEURE NA REKENPLIGTIGE TYDPERK**

Soos vereis deur die Grondwet van die entiteit is die netto bates by die ontbinding van die organisasie op 30 Junie 2022 oorgedra na 'n entiteit met dieselfde doel as Swartland Toerisme, naamlik Swartland Tourism NPC. Die bankrekeningsaldo's en die Eiendom, Aanleg en Toerusting is na jaareinde oorgedra na Swartland Tourism NPC. 'n Voorsiening vir die oordrag van die saldo's is voorsien onder Kapitaal en Reserwes in die Staat van Finansiële Posisie.

7 **LOPENDE SAAK**

In terme van die besluit geneem deur die bestuur op 24 Augustus 2021 is die entiteit ontbind op jaareinde. Die finansiële jaarstate is dus op die likwidasie basis opgestel en nie die lopendesaakgrondslag nie.

Die bestuur is nie bewus van enige wesenlike nie-nakoming van statutêre of regulatoriese vereistes nie, of van enige hangende veranderinge aan wetgewing wat die organisasie mag affekteer nie.

Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

Verslag ◆ Ingxelo ◆ Report

Kantoor van die Direkteur: Korporatiewe Dienste
5 September 2022

17/13/3

ITEM 7.6 VAN DIE AGENDA VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING WAT GEHOU SAL WORD OP 22 SEPTEMBER 2022

ONDERWERP / *SUBJECT*: RIEBEEK KASTEEL: '*THE OUKLOOF HERITAGE LEGACY*'

1. BACKGROUND

1.1 The attached letter with annexures speaks for itself, but – in essence – seeks support from the Municipality for the above-mentioned heritage project, more specifically the possible erection of a memorial on the Riebeek Kasteel town square in commemoration of those persons who were forcibly removed from their homes in Oukloof, Riebeek Kasteel during 1965.

1.2 It is

RECOMMENDED

That the Municipality expresses its support for *The Oukloof Heritage Legacy* project, subject thereto that all public participation and legislative requirements shall be complied with where applicable.

AANBEVEEL

Dat die Munisipaliteit sy steun vir *The Oukloof Heritage Legacy* projek uitspreek, onderhewig daaraan dat alle publieke deelname en wetlike vereistes nagekom sal word, waar toepaslik.

(get) M S Terblanche

MUNICIPAL MANAGER

Mst/raadsitems,SM5/September 2022/Legacy Challenge Riebeek Kasteel

to: Madelaine Terblanche
Swartland Municipality
Private Bag X52
Malmesbury 7299

24 August 2022

re: Oukloof Memorial

Dear Madelaine

I would like to approach you regarding a project underway in Riebeek Kasteel.

Some years ago a number of people came together to form a working group with the aim of dealing with the forced removals which occurred in a part of the village in 1965, called Oukloof. The initial stage was to approach the surviving Ouklowers to discover their views and solicit their aspirations. Through a number of meetings the support was overwhelming.

It might be considered that awareness of what had happened was highlighted by Anna Bohlin, now an Associate Professor at the University of Gothenburg in Sweden, on visits to the village in 2003, 2005 and 2006, when she discovered no acknowledgement or attempt of reconciliation had been made. She particularly noted the lack of representation in the museum.

During a Ward Committee meeting in 2018, it was proposed that a project to erect a memorial on the square should be attempted. The meeting was attended by Tijmen van Essen as mayor, who endorsed the concept, making note that the present heritage items, the red ox and cannon, must be retained.

During the course of this year progress has been furthered with a number of meetings between the Ouklowers and the working group striving to achieve finality. The idea is to create awareness of the forced removals via a memorial, the format of which is still undecided. The reason is that the notion is going to be a public competition so an interesting and different solution might be found.

The project is being driven by representatives from three different entities: The Oukloof Heritage Legacy, For Life Centre and the Riebeek Valley Museum. Ultimately, though, all the decisions are made by the Ouklowers themselves.

One of reasons I was invited to join, besides my connection to the museum, is from a heritage perspective. As you will be aware a permit for a new layout for the square in Riebeek Kasteel was issued by Heritage Western Cape on 6 July 2018 with an approved layout. This has not been implemented and local inhabitants have taken it on themselves to attempt to uplift the area by planting trees and generally sprucing it up. This does not take away from the legal obligations of the permit and it is envisaged that once a design for a memorial is chosen a new application will have to be submitted.

The purpose of this email is to seek support for the concept from Swartland Municipality.

It would be appreciated if you could share your and Swartland Municipality's views regarding this project and whether it will be supported.

Regards

Chris Murphy

CHRIS MURPHY

Attached: From the minutes of the Ward 12 Committee meeting, 31 May 2022.
Layout for the square approved by Heritage Western Cape, 6 July 2018.
Copies of leaflets 9, in Afrikaans and English, which are being circulated to create awareness of the project.

Oukloof HERITAGE LEGACY

riebeek valley riebeek vallei museum

FOR LIFE CENTRE

8. ADDISIONELE ITEMS

8.1 Die voorstel van 'n Ou Kloof-gedenkteken op die Plein in Riebeek Kasteel

Die voorlegging word gedoen deur mnr Koos de Bruin wat van die begin af betrokke was by die Oukloof-projek.

Mnr de Bruin noem dat daar in 2018 begin is om inligting in te samel vir die projek en dat die gemeenskap aktief betrek is by die proses. Die projek is nou op die stadium dat die Oukloof-gedenkteken op die Plein in Riebeek Kasteel opgerig kan word. Daar is reeds voorlopige goedkeuring vanaf die Munisipaliteit verkry om die gedenkteken op te rig by die kanon en Rooi Os.

Daar volg 'n bespreking oor die proses vorentoe – onder andere – noem mnr King dat daar verskeie planne op die tafel is insake die opgradering van die Plein, onder andere, die moontlikheid dat die Kanon en Rooi Os verskuif kan word.

Na 'n verdere bespreking word –

BESLUIT (op voorstel van me F Davids)

(a) Dat die wykskomitee die aksies van die voormalige wykskomitee van Wyk 12 ondersteun om 'n Oukloof-gedenkteken op die Plein te laat oprig ter herdenking van die gedwonge verwydering van die Oukloof-inwoners;

(b) Dat die wykskomitee die 'Ons Erfenis"-proses ondersteun met gepaargaande publieke konsultasie en publieke betrokkenheid ten einde 'n Oukloof-gedenkteken op te rig wat inklusief en wetlik is;

(c) Dat die wykskomitee versoek dat 'n skrywe (Letter of Authority) vanaf die Swartland Munisipaliteit ontvang word ter ondersteuning van die proses en oprigting van 'n Oukloof-gedenkteken.


PROPOSED HARD SURFACING FOR PARKING & DRIVEWAYS.
BROWNSTONE
COURSE EXPOSED BROWNSTONE PAVERS.
GRANITE
COURSE EXPOSED GRANITE PAVERS.
MUDDY
FINE MUDDY BRICK PAVERS.
INSITU CAST EXPOSED AGGREAGTE SURFACE.
EXPOSED AGGRE TYPES OF BRICK PAVERS.
N
PRIVATE HOUSE
Culvert
MAIN ROAD
TOURIST SHOPS
Canon.
Red Lix.
WYKLAND PROPERTIES
HISTORICAL ARTIFACTS AND SURROUNDING TREES TO REMAIN AS IS.
PICK 'n PAY
SAREL CILLIERS STREET
Culvert
KATARINNAS GEUST HOUSE
FONTEIN STREET
Existing retaining stone wall.
CASTEELBERG COUNTRY-IN AND LOUNGE
BEANS ABOUT COFFEE
PLEIN STREET
SWARTLAND MUNICIPALITY
RIEBEEK VALLEY TOURISM
PAM GOLDING
De JONGE CAFE
PRIVATE HOUSE
RESTUARANT
ALL EXISTING TREES TO BE RETAINED. HOWEVER IF REMOVAL OF SMALLER TREES IS NECESSARY. THESE ARE TO BE REPLACE ELSEWHERE.
PROPOSED FININSHES FOR PATHWAYS.
RIVER COBBLES
STABILIZE LATERITE GRAVEL
OPTION 3
TYPICAL PORTRAIL OF TREES.
PROPOSED TYPE OF TREES
ERYTHRINA LYSISTEMON
LOPHOSTEMON CONFERTUS
POPULUS SIMONII
QUERCUS CERRIS
QUERCUS-NIGRA
Warrick Raubenheimer architecture
Client
SWARTLAND MUNICIPALITY
Project
MARKET SQUARE - RIEBEEK KASTEEL

'N PART, NIE APART NIE

Die kwotasies in die groen panele is deur die oorspronklike Oukloof bewoners wat die projek ondersteun.

Vir verdere inligting:
www.oukloof.riebeeklegacy.org

OUR LEGACY CHALLENGE

RIEBEEK KASTEEL

'N PART, NIE APART NIE

OUKLOOF

ons erfenis uitdaging

'n Part, nie apart nie

As jy een slegte oggend hoor jy sal uit jou plek geskop word, is dit meer as jou huis wat op die spel is. Jou lewe, jou geliefdes, jou plek in die samelewing, dit val alles uitmekaar. Hoe sou jy gevoel het?

Dit het gevoel asof jy vullis is, nie menslik nie, weggegooi, as iets sonder waarde.

In 1965 is 'n hele gemeenskap ontwortel: Oukloof, deel van Riebeek-Kasteel. Die eiendom waarop hulle hul huise lank, lank tevore gebou het, is deur die kerk besit, met die doel om bruin mense te huisves. Selfs voordat die wet 'hiermee te doen' in werking getree het, is al 60 gesinne na Esterhof verwyder.

As kind het jy die lyding gevoel van jou ouers en grootouers wat ons huise self gebou het. Ons is daardie plek gegee, om te lewe om te werk, om te speel, om gesinne te hê. Daardie belofte het net verdwyn en ons is op 'n plek geplaas waar mense hul dooie donkies en honde begrawe het.

Dit was een van honderde sulke gedwonge skuiwe in ons land. Oukloof is dalk nie so 'bekend' as Distrik 6 nie, maar nie minder pynlik nie. En terwyl Distrik 6 ten minste aangespreek word, is baie ander, insluitend Oukloof, nie.

Die Ouklowers, hul afstammelinge en al die ander ontwortelde mense verdien ons respek en begrip vir hul lyding en die onreg wat aan hulle gedoen is. Vir Oukloof was daar 'n halfhartige vergoedingskema, maar in die praktyk het dit nooit gewerk nie. Dit alles is goed gedokumenteer en dan weggesit, maar in detail opspoorbaar.

Hierdie onverwagte onreg sal vir ewig by my wees, ek durf skaars terugkom na daardie plek, want ons was gelukkig daar en daardie geluk is van ons gesteel.

Liewe dorp, as ons hierdie geskiedenis nie aanspreek nie, wys gebeure reg oor die wereld dat die gevolg daarvan sal terugkom om by ons as 'n gemeenskap te spook. Of, meer presies, dit sal verhoed dat ons ooit een gemeenskap word. Ons sal twee bly, verdeel deur die spoorlyn.

Ons eie gesinne weet skaars meer van die uitsettings. Dit is so belangrik dat hulle weet en verstaan wat ons deurgemaak het, maar ook om sterk te wees, lank te staan en saam 'n lewe te bou.

Die Riebeekvallei Museum, die FORLIFE-sentrum, die Riebeek Legacy en die Ouklowers, met die ondersteuning van die Swartland-munisipaliteit, streef daarna om die gemeenskap te fasiliteer om 'n gebaar van versoening te skep, beginnende met 'n openbare konsultasie in die Vallei. Ons sal die publiek vra of en hoe hulle wil sien dat Oukloof nie in anonimiteit verdwyn nie. Hoe ons wysigings kan aanbring. Hoe ons daaruit kan leer en in die toekoms beter kan doen.

Ek sal daarvan hou as ons 'n plek in die dorp het, wat ons herinner aan die Oukloof-uitsettings en die moeilike tye daarna. Dit moet 'n respekvolle geheue wees, maar ook 'n sterk begeerte vir die toekoms uitdruk. Mense moet nooit vergeet nie, hulle moet aanhou om daaroor te praat en daarop voort te bou.

As 'n deel hiervan 'n gedenkteken op die plein sou wees, hoe moet dit lyk en hoe moet dit besoekers tot stand bring? Hoe kan ons almal betrek wat 'n rol gespeel het en hulle vra om 'n bydrae te lewer? Hoe kan ons dit deel maak van die lewende geskiedenis en hoop vir die toekoms? Hoe kan ons so 'n gedenkteken tot lewe bring?

Die dorp sal namens Oukloof van ons hoor in die vorm van 'n konsultasie en 'n openbare wedstryd. Ja, een met pryse vir die beste idees. Ons vertrou op u om positief te wees en ons te help om hulle en ons almal te help.

